REDES OM BY DIE BETTYSBAAI BELASTINGBETALERSVERENIGING (BBBV) AAN TE SLUIT

Funksie van die BBBV

- **Die BBBV is die verteenwoordigende liggaam van al sy lede wat ‘n gevestigde belang in ons dorpie het.**

Die BBBVkomitee bestaan uit vrywilligers wat:

- **Sake namens sy lede opneem.**
- **As ‘n drukgroep optree om beter dienslewering vanaf die Munisipaliteit te verkry en, hoe meer lede daar is, hoe groter is die druk.**
- **Dien in die weeklikse Gesamentlike Operasionele Komitee, waarvan die SAPD bevelvoerder die voorsitter is, en wat op misdaadverwante aangeleenthede fokus.**
- **Deur die Wykskomiteestelsel sake wat ons dorpie raak, opper en opvolg.**

Die BBBV het subkomitees

- **Wat die groeiende misdaad probeer bekamp en met behulp van die SAPD ‘n buurtwag gestig het. Die doel hiervan is om ‘n veilige omgewing ter beskerming van jou gesin en jou eiendom te skep en om die gemeenskap met misdaadbestryding saam te snoer. Die BBBV is ook in die Gemeenskaps- polisiëringsforum verteenwoordig.**
- **Saam met die Overstrand Brandweerdepartement is ‘n suksesvolle vrywillige gemeenskapsbrandbestrydingspan gevestig. Deur by die BBBV aan te sluit, word hierdie vrywilligers ondersteun en van middele voorsien om ons dorpie tydens brande te help beveilig.**

Kommunikasie

- **Die BBBV se webtuiste, http://www.bettysbay.info/ stel ons in staat om op ‘n daaglikse basis in aanraking met ons lede te bly en ook om belangrike inligting oor te dra.**
- **‘n Databasis is ook opgebou sodat ons ons lede in geval van nood kan kontak en ook hul aandag op belangrike of dringende sake op ons webtuiste kan vestig.**
- **Dit word ook beoog om met ‘n gereelde nuusbrief ons lede op die hoogte te hou.**

Lidmaatskap

- **Lidmaatskap is nie net tot eiendomseienaars beperk nie en inwoners wat ses maande of langer in ‘n jaar in Bettysbaai woon, kwalifiseer ook.**
- **Ledegeld bedra ‘n bekostigbare R75,00 per persoon per jaar. Mede-eienaars, gades en lewensmaats word aangemoedig om ook aan te sluit – hoe groter ons getalle, hoe groter is ons invloed!**